



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2015**

**GESKIEDENIS V2  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

---

## 1. BRONGEBASEERDE-VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
<b>VLAK 1 (V1)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek inligting uit die bronne.</li> <li>• Selekteer en organisasie van relevante inligting uit bronne.</li> <li>• Definieer historiese begrippe/terme.</li> </ul>	<b>30% (15)</b>
<b>VLAK 2 (V2)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretasie van bewyse uit bronne.</li> <li>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.</li> <li>• Analiseer bewyse uit bronne.</li> </ul>	<b>40% (20)</b>
<b>VLAK 3 (V3)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer bewyse uit die bronne.</li> <li>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekking.</li> </ul>	<b>30% (15)</b>

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae:

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die opstelvrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.


### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

- 2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
- 2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (*bullet*) in die nasienriglyne, vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
- 2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:
- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
  - Verkeerde stelling
  - Irrelevante stelling
  - Herhaling
  - Analise
  - Interpretasie



## 2.5 Die Matriks

### 2.5.1 Gebruik die analitiese matriks in die nasien van die opstel

Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van opsteltipe vrae (verwys na bladsy 5). By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bladsy 5, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	30 – 33
A	VLAK 5	

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELTIPE-VRAE: DIE MATRIKS – 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
<b>AANBIEDING</b> 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
<b>INHOUD</b> 							
<b>VLAK 7</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
<b>VLAK 6</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43–46	40–42	38–39				
<b>VLAK 5</b> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
<b>VLAK 4</b> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
<b>VLAK 3</b> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
<b>VLAK 2</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
<b>VLAK 1</b> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE****VRAAG 1: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWARTBEWUSSYN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG IN DIE 1970s BEÏNVLOED?**

- 1.1 1.1.1 *[Uittreksel van bewys uit Bron 1A – V1]*
- “Wat ook al ons in hierdie land doen, moet dit deur swartes vir swartes wees, punt.” (1 x 1) (1)
- 1.1.2 *[Verduideliking van historiese begrip uit Bron 1A – V1]*
- Dit is ’n filosofie wat swart trots en waardes bevorder.
  - Swartmense moet hulself van diskriminasie en onderdrukking bevry.
  - Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.1.3 *[Interpretasie van bewys uit Bron 1A – V2]*
- Nasionale Party
  - Apartheidsregering (Enige 1 x 2) (2)
- 1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle moet mekaar bewus maak van die lot van swart mense.
  - Bevry hulle gedagtes om swartes as hul eweknieë te sien.
  - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Swart Suid-Afrikaners het die idee van aparte ontwikkeling aanvaar.
  - Die feit dat Swart Suid-Afrikaners hul eie organisasies gevorm het vir die opheffing van hul mense.
  - Die stigting van SASO, ’n unie vir swart studente was in lyn met die Apartheidsteorie van “eie sake”.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 1.2 1.2.1 *[Verduidelik van historiese begrip uit Bron 1B – V1]*
- Om vry te wees van onderdrukking.
  - Om jouself vry te maak van slawerny.
  - Die aksie om iemand vry te maak van gevangenis, slawerny en onderdrukking.
  - Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.2.2 *[Interpretasie van bewys uit Bron 1B – V2]*
- Hou swartes in ’n ewige toestand van onderdrukking en onderdanigheid. (1 x 2) (2)

## 1.2.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]

- “Ons is nie afskrifte van ons vaders nie.”
- “Waar hulle misluk het, sal ons daarin slaag.” (Enige 1 x 2) (2)

## 1.3 [Vergelyking en analise van bewys in Bron 1A met Bron 1B – V3]

**Kandidate moet na beide bronne in hul antwoord verwys.**

- Bron 1A verwys na die verklaring: “blankes kan my nie bevry vanuit die hande van die nasionaliste nie”.
- Bron 1B dui daarop dat die stryd ons sin is/die bal van bevryding is in ons hande.
- Bron 1A dui aan dat swartes moet dinge vir hulself doen.
- Bron 1B wys dat swartes opstaan en apartheid beveg.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

## 1.4 1.4.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]

- Dat Afrikaans op 'n gelyke basis met Engels geplaas word.
- Afrikaans moes as medium van instruksie gebruik word. (Enige 1 x 2) (2)

## 1.4.2 [Onttrekking van bewys uit Bron 1C – V1]

- Tswana Skoolraad (1 x 2) (2)

## 1.4.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]

- Hoë druipsyfer
- Hoë skoolverlating
- Het hulle vir slawerny voorberei.
- Gedwing om hul vakke in Afrikaans te leer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

## 1.5 1.5.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]

- Vasbeslote
- Vreesloos
- Swartes het dinge vir hulself gedoen.
- Swartes het nie op wittes gewag om hulle te bevry.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

## 1.5.2 [Vasstelling van beperkings van Bron 1D – V3]

- Bron dui nie duidelik die teenwoordigheid van weermag in Soweto.
- Dade van geweld wat op 16 Junie plaasgevind het word nie gewys.
- Dit openbaar nie die werklike dae soos in ander bronne gemeld.
- Dit wys net twee weermagbeampes wat vreedsaam voorkom (lees iets vir studente).
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Onttrekking van bewys uit Bron 1D – V1]*

- Kruger (1 x 2) (2)

1.6 1.6.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1E – V2]*

- Dapper
- Teruggeveg
- Hul verset word meer intensief
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.6.2 *[Uittreksel van inligting uit Bron 1E – V1]*

- “Hulle het ’n groot politieke oorwinning behaal.”
- “Hulle het die mag van die mense gedemonstreer.” (Enige 1 x 1) (1)

1.6.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1E – V2]*

- Beide het in massa-aksie teen apartheid geglo.
- Die ANC het dieselfde doelwitte as die studente gehad; dit is om die apartheidsregering tot ’n val te bring.
- Beide het vir die bevryding van swart Suid-Afrikaners geveg.
- Swartbewussyn het die politieke vakuum gevul terwyl die bevrydingsorganisasies in ballingskap was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 1.7 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die relevante bronne – V3]

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Swart Suid-Afrikaners moet hulself bevry. (Bron 1A)
- Of dit polities, ekonomies en sosiaal was, moes dit deur swartes gedoen word. (Bron 1A)
- Die jeug moet aan die voorpunt in die geveg teen apartheid wees. (Bron 1B)
- Die bal van bevryding is in ons hande. (Bron 1B)
- Ons het die volle reg om teen die stelsel van apartheid te verset en verwerp (Bron 1B).
- Jeug bewys dat hulle die boeie van vrees verwyder het. (Bronne 1D en 1E)
- Swartes moet ophou afhanklik wees van blankes. (Bron 1A)
- Blankes moes ophou besluite namens swart mense neem. (Bron 1A)
- Motiveer swartes om teen apartheid op te staan. (Bron 1C)
- Om swartes bewus te maak om op te staan vir hul regte. (Bronne 1A en 1B)
- Swartes om self-onderhoudend te word.
- Vasbeslote om die sisteem te vernietig wat hulle onderdruk en in 'n posisie van onderdanigheid gehou het. (Bron 1D)
- Lei tot die Soweto Opstand. (Bron 1D)
- Lei tot onluste regoor Suid-Afrika. (Bron 1D)
- Swart studente was nie geïntimideer nie. (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord.

(8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre manier, bv. <b>toon geen of min begrip oor hoe die filosofie van SB die jeug in Suid-Afrika in die 1970's beïnvloed het.</b></li> <li>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>Punte: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip oor hoe die filosofie van SB die Suid-Afrikaanse jeug in die 1970's beïnvloed het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier</li> </ul>	<b>Punte: 3 – 5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse, bv. <b>toon begrip oor hoe die filosofie van SB die Suid-Afrikaanse jeug in die 1970's beïnvloed het.</b></li> <li>• Bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp.</li> <li>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>Punte: 6 – 8</b>

(8)

[50]

**VRAAG 2: HET SLAGOFFERS VAN MENSEREGTE SKENDINGS DEUR DIE PROSESSE VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) AFSLUITING GEVIND?**

- 2.1 2.1.1 *[Verduideliking van historiese begrip uit Bron 2A – V1]*
- Bymekaar bring van voormalige vyande in 'n wyse dat dit vergifnis en genesing bevorder.
  - Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)
- 2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om die WVK te bevorder aan die Suid-Afrikaanse publiek.
  - Uit te praat teenoor mekaar.
  - Motiveer mense om na vore te kom en die waarheid te vertel.
  - Hul stories van die verlede te vertel.
  - Om rekonsiliasie teweeg te bring.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Wandade wat in die verlede gepleeg is moet onthul word.
  - Slagoffers moes oortreders vergewe
  - Slagoffers het afsluiting gevind
  - Om 'n kultuur van menseregte te skep
  - Om die nuut gevormde demokrasie te beskerm
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewys uit Bron 2B – V1]*
- Vir die moord op Ashley Kriel
  - Vir die gebruik van sy gunsteling martelingsmetode
  - Die marteling van Peter Jacobs
  - Vir die marteling en aanranding van Ashley Forbes
  - Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Nat sak metode'
  - Elektriese skok (Enige 2 x 1) (2)
- 2.2.3 *[Interpretasie van bewys uit Bron 2B – V2]*
- WVK bevorder herstellende geregtigheid.
  - Die WVK motiveer skuldiges om vorentoe te kom en die waarheid te onthul.
  - Dit moedig mense aan om hul stories van die verlede te vertel.
  - Die WVK het gepoog om rekonsiliasie tussen oortreders en slagoffers te bring.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewys uit Bron 2C – V1]*
- Hy het moord gepleeg.
  - Hy het sy slagoffers gemartel. (2 x 1) (2)
- 2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die protesteerders het vergeldingsgeregtigheid nagestreef.
  - Hulle wou hê die oortreder moes vir sy wandade gestraf word.
  - Hulle het nie die doelwitte van die WVK ondersteun nie.
  - Nie vry te kom van sy misdade wat gepleeg is nie.
  - Hulle het nie regstellende geregtigheid ondersteun nie.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.3.3 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2C – V3]*  
**Kandidate moet 'n standpunt inneem en hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.**
- REGVERDIG**
- Hy het vry gekom/wou vergeldingsgeregtigheid hê.
  - Hulle wou hê oortreders moes vir hul misdade gestraf word.
  - Omdat hy gespog het hoe hy sy slagoffer gemartel het.
  - Enige ander relevante antwoord.
- NIE-GEREGVERDIG**
- Dit sou teenstrydig wees met die doelwitte van die WVK.
  - Die klem het geval op versoening en nie op vergelding nie.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewys uit Bron 2D – V1]*
- Oor die 50 openbare verhore gehou.
  - Gereis dwarsdeur die land.
  - Verklarings van meer as 20 000 oorlewendes van politieke geweld geneem. (Enige 2 x 1) (2)
- 2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Om die demokratiese beginsel van deursigtigheid toe te pas.
  - Om vertroue van die Suid-Afrikaners publiek te werf oor die werksaamhede van die WVK.
  - Om te bewys dat die WVK opreg in sy doelwit was om die waarheid oor growwe menseregte skending te verkry/geen versteekte agenda.
  - Nasie-rekonsiliasie te fasiliteer.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 2.4.3 [Toepassing van inligting uit Bron 2D – V1]

- Sy beskryf hoeveel slagoffers en oortreders na vore gekom het en hul stories vertel het, meer as wat verwag is.
- Sy beskryf ook hoe die inligting wat deur die kommissie ingesamel is dit in staat gestel het om apartheid wandade van moordbendes en berugte politieke moorde aan die lig te bring.
- Dit het afsluiting aan slagoffers gebring.
- Oortreders het gewys dit hulle spyt was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 2.4.4 [Bepaal die betroubaarheid van Bron 2D – V3]

**Kandidate moet 'n standpunt inneem en hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**BETROUBAAR**

- Het verklarings van duisende mense verkry.
- Verhore/inligting kan geverifieer word met opnames en dokumente.
- Oortreder het na vore gekom om die waarheid te onthul.
- Baie het vir amnestie aansoek gedoen.
- Enige ander relevante antwoord.

**NIE-BETROUBAAR**

- Bevooroordeeld
- Verwys slegs na die positiewe aspekte van die WVK.
- Wys nie dat daar foute in die WVK proses was nie/teenkanting.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 2.5 [Interpretasie sintese en evaluering van bewyse uit die relevante bronne – V3]

**Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:**

- WVK het 'n platvorm verskaf om die waarheid oor growwe menseregte skending te onthul. (Bron 2A)
- WVK nooi beide slagoffers en oortreders om voor die WVK te verskyn. (Bron 2A)
- Vele slagoffers het afsluiting gevind. (Bronne 2B en D)
- WVK het gehelp om die nasie te genees. (Bron 2A)
- Baie Suid-Afrikaners gehelp om met die verlede te deel. (Bronne 2A en 2B)
- Oortreders vorentoe gekom (Jeffery Benzien) en waarheid oor wandade van die verlede onthul. (Bron 2B)
- WVK geglo dat genesing slegs na die volle onthulling van die waarheid kon plaasvind. (Bron 2D)
- Die nasie kon berou oor wandade wat gepleeg is en na rekonsiliasie beweeg (Bron 2A)
- Menige oortreders hul stilswye verbreek. (Bronne 2A en 2B)
- Herstellende geregtigheid verkies. (Bronne 2B en 2D)
- Besluit om nie oortreders te straf nie/Amnestie toegestaan. (Bron 2D)
- Openbare verhore gehou om deursigtigheid te waarborg. (Bronne 2A en 2C)
- WVK het verklarings van meer as 20 000 politieke oorlewendes geneem (Bron 2D)
- WVK het 'n platform verskaf vir oortreders se stories om aangehoor te word (Bron 2D)
- Dit was gefokus om genesing en rekonsiliasie; beide slagoffers en oortreders teweeg te bring. (Bron 2C)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre manier, bv. <b>toon geen of min begrip of slagoffers van menseregte skendings afsluiting deur die WVK prosesse gevind het.</b></li> <li>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>Punte: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip of slagoffers van menseregte skendings afsluiting deur die WVK prosesse gevind het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier</li> </ul>	<b>Punte: 3 – 5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse, bv. <b>toon begrip of slagoffers van menseregte skendings afsluiting deur die WVK se prosesse gevind het.</b></li> <li>• Bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp.</li> <li>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>Punte: 6 – 8</b>

(8)  
[50]

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE BELEIDSRIGTINGE VAN DIE INTERNASIONALE MONETÊRE ORGANISASIES OP ONTWIKKELENDE LANDE?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Een biljoen mense op die rand van hongersnood.
- 2,5 miljard in internasionale skuld.
- Die agteruitgang van die ekostelsel op die planeet.
- Werkplekke wat hongergelone betaal het. (4 x 1) (4)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Om die korporatiewe plan van privatisering, deregulasie en 'vryhandel' uit te voer (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Vasstelling van eensydigheid van bewyse uit Bron 3A – V3]*

- Hierdie organisasies word beheer deur bankiers en ekonome van die Verenigde State en Europa
- Binnelandse behoeftes soos voedselsekerheid, universele onderwys en gesondheidsorg word geïgnoreer.
- Die behoeftes van plaaslike gemeenskappe en binnelandse ondernemings, word nie in ag geneem nie.
- Geen beskerming vir werkers, vroue en gemarginaliseerde mense nie.
- Natuurlike bronne word uitgebuit en besoedel. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Bring armoede.
- Gedwing om woude, minerale, vissery, landbougrond, arbeidsmag en finansiële markte aan buitelandse beleggers te open.
- Bevind hulself in skuld deur lenings wat deur hierdie organisasies verskaf is.
- Hierdie lande moes kapitalistiese ekonomiese beleide aanneem.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- “Wêreldhandel het 15-voudig, tot meer 45 biljoen rand per jaar toegeneem.” (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewys uit Bron 3B – V1]*

- Lewensstandaard verhoog
- Mense leef langer
- Eet beter
- Toegang tot skoon water (4 x 1) (4)

3.2.3 *[Vergelyk en kontrasteer inligting in beide Standpunt 1 en Standpunt 2 uit Bron 3B – V3]*

- Standpunt 1 argumenteer ten gunste van die WHO dat dit voorspoed in die wêreld bring.
- Sy rol het bygedra tot ontwikkeling/bevordering/verbetering in tegnologie.
- Standpunt 2 kritiseer die WHO en sy beleidsrigting omdat dit slegs transnasionale korporasies bevoordeel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Bevorder die belange van ryker lande.
- Oorheersing van die wêreldhandel het Derde wêreldlande verarm.
- Die verwydering van tarief beperkings het 'n negatiewe effek op armer lande wat hoofsaaklik primêre produkte uitvoer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Plaaslike boere kon nie meeding teen gesubsidieerde landbou wat in ryk lande gedoen word nie.
- Plaaslike boere kon nie meeding met die vasstelling van pryse nie.
- Boere in ryker lande produseer meer voedsel as wat Europese markte benodig, sodoende verkoop hulle hul gesubsidieerde oorvloed aan ontwikkelende lande teen 'n veel laer prys.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Reguit interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Derde wêreldlande
- Ontwikkelende lande (Enige 2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Dit wys effektief die mag van die IMF en WHO oor ontwikkelende lande het
- Ontwikkelende lande word deur hierdie organisasies uitgebuit
- Terugbetaling van lenings het 'n negatiewe impak op ontwikkelende lande.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Lening-terugbetaling (1 x 2) (2)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Regering het minder geld om op maatskaplike dienste te bestee.
- Minder geld word op opvoeding en gesondheidsdienste bestee.
- Verhoogde werkloosheid.
- Derde wêreldlande word markte van goedkoop arbeid.
- Lae lone ontvang omdat wins na buiteland gaan.
- Het geen voordeel uit wins getrek wat in hul land gemaak was.
- Natuurlike hulpbronne was uitgebuit deur uitlanders wat in ontwikkelende lande belê het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 3.4 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit die relevante bronne – V3]*  
**Kandidate moet van die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:**

### POSITIEWE IMPAK

- Het toegang tot lenings. (Bron 3A)
- Ontwikkelende lande kon hul ekonomieë ontwikkel.
- Het toegang tot skoon water. (Bron 3B)
- Bring finansiële stabiliteit.
- Verseker vryhandel tussen lande. (Bron 3A en 3B)
- Het toegang tot nuwe tegnologie, soos die internet. (Bron 3B)
- Verhoog die lewensstandaard in baie ontwikkelende lande. (Bron 3B)
- Versprei die idee van menseregte.
- Enige ander relevante antwoord.

### NEGATIEWE IMPAK

- Lei tot ongelykheid – ryk word ryker en armes armer. (Bron 3B)
- Lei tot armoede. (Bron 3A)
- Ontwikkelende lande moes staatsbeheerde ondernemings privatiseer.
- Moes sny aan subsidies van maatskaplike dienste aan die mense (Bronne 3A en 3C)
- Open hul lande vir buitelandse beleggers. (Bron 3A)
- Het nie voordeel uit belegging getrek in hul land. (Bronne 3B en 3C)
- Word 'n mark vir goedkoop arbeid. (Bron 3C)
- Verloor inheemse ekonomiese praktyke. (Bron 3A)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre manier, bv. <b>toon geen of min begrip oor die impak wat die beleidsrigtings van Internasionale Monetêre Organisasies op ontwikkelende lande gehad het.</b></li> <li>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>Punte: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip oor die impak wat die beleidsrigtings van Internasionale Monetêre Organisasies op ontwikkelende lande gehad het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier.</li> </ul>	<b>Punte: 3 – 5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse, bv. <b>toon begrip oor die impak van die beleidsrigting van Internasionale Monetêre Organisasies op ontwikkelende lande.</b></li> <li>• Bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp.</li> <li>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>Punte: 6 – 8</b>

(8)

[50]

## AFDELING B: OPSTELTIPE VRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) opsteltype vraag en nie meer as TWEE (2) uit hierdie afdeling.

### VRAAG 4: **BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's.**

*[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument wat gebaseer is op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie bekwaamhede.]*

#### SINOPOSIS

Kandidate moet die rol van interne weerstand evalueer wat gelei het tot die ondergang van P.W. Botha se apartheidsregering.

#### HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit.

**INLEIDING:** Kandidate moet die hervormings aandui wat deur P.W. Botha aangebring was aanwys en die reaksies daarop bespreek.

#### UITBREIDING

- Botha se “totale strategie”
- Driekamerstelsel deur P.W. Botha geskep
- Kleurlinge en Indiërs verteenwoordig, maar nie swartes nie
- Swartes het slegs politieke regte in sogenaamde tuislande
- Reaksie van anti-apartheidsbewegings
- UDF – was 'n nie-rassige alliansie wat in 1983 tot stand gekom het
- UDF loods 'n massaveldtog om Kleurlinge en Indiërs te ooreed om nie deel te neem aan die verkiesings vir die Huis van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes nie.
- Burgerlike versetveltogte teen die Driekamerstelsel het daarop gedui dat mense hierteen gekant was.
- Vryheidsoptogte/stakings/skool-, huur- en verbruikersboikotte
- Burgerlike verset – die rol van burgerlike organisasies/“brood-en-botter kwessies”
- Wou die standaard en gehalte van lewens in lokasies verbeter.
- Verset teen swak dienste deur boikotte – weier om huur te betaal.
- Rol van SARK (Suid-Afrikaanse Raad van Kerke)
- Prominent in die geveg vir sosiale geregtigheid en die apartheidswette uitgedaag
- Opgestaan vir armes en onderdruktes
- Rol van werkersunies – veg vir die regte van swart werkers
- Rol van studente organisasie KOSAS (Kongres van Suid-Afrikaanse Studente)
- Het studente-aktiwiteite in verskeie streke gekoördineer
- Verenig studente en veg vir eise van studente
- AZASO (Azanië Studente-organisasie) en KOSAS het skoolboikotte, wegbly-aksies, verbruikersboikotte en selfverdedigingstruktuur teen apartheid-sekuriteitsmagte georganiseer en massa demokratiese bewegings gevorm toe die UDF verban is.
- Versetveldtog teen segregasie
- 1989 – “jaar van massa-aksie”
- Beëindig Diensplig veldtog/’End Conscription Campaign’

- Black Sash  
Enige ander relevante antwoord

SAMEVATTING: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

[50]

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE.**

*[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument wat gebaseer is op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie bekwaamhede.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik tot in watter mate die toename in geweld en konflik die onderhandelingsproses bespoedig het in Suid-Afrika tussen 1990 en 1994.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**INLEIDING:** Kandidate moet die bydra tot onderhandelinge bevestig en aandui hoe hulle die argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

- Vrylating van Mandela
- Proses van onderhandeling en hervorming
- Samesprekings tussen hoofrolspelers begin
- Sebokeng – 8 betogers dood in betogings teen huurverhoging
- Grootte Schuur-samesprekings – alle partye kom ooreen om geweld te staak en te werk aan onderhandelingsproses
- Pretoria samewerking – ANC stem in om gewapende stryd te laat vaar
- Geweld – Boipatong, Natal en PWV – Inkatha en ANC botsings – Derde Mag betrokkenheid
- CASAG-groep en Vryheids-alliansie
- Kodesa 1 en 2
- Bisho massa-moorde – ongewapende ANC opmars. Ciskei leier Oupa Gqozo gee bevel om te skiet.
- Sluipmoord op Chris Hani
- AWB storm die Wêreldhandelsentrum
- Bophuthatswana-omverwerping – Lucas Mangope
- Verklaring van Onderneming
- Tussentydse grondwet en Menseregte Handves
- Veelparty-onderhandelingsproses begin – Sonsondergang-klousule ('Sunset clause')
- 1994 verkiesing
- Nuwe grondwet
- Enige ander relevante antwoord.

SAMEVATTING: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

[50]

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE:  
DIE GEBEURE VAN 1989.**

*[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument wat gebaseer is op bewyse deur van analitiese en interpretasie bekwaamhede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities verduidelik hoe Gorbachev se hervorming 'n belangrike impak op Suid-Afrika se politieke toneel gehad het en verwys na die impak op die NP en die ANC.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit

**INLEIDING:** Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

- Perestroika en Glasnost
- Hervorm kommunisme, maar nie heeltemal laat vaar nie
- Gelei tot opstande en demonstrasies
- Dit lei tot die val van kommunisme
- Val van die Berlynse Muur lei tot opstande in Sowjet-satellietstate
- Die val van die Berlynse Muur affekteer die hervormingsproses in Suid-Afrika
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie langer die verskoning van die kommunisme bedreiging vir ondersteuning van die Weste gebruik nie
- Die Nasionale Party nou bereid om met ANC te onderhandel
- Na die val van kommunisme het ANC nie meer ondersteuning van Sowjetunie geniet nie
- Die ANC ook nou gedwing om met die Nasionale Party te onderhandel
- Die ineenstorting van kommunisme was 'n kritiese faktor wat tot verandering in Suid-Afrika gelei het
- De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990, beëindig apartheid
- Slag van Cuito Carnavale / Suid-Afrikaanse Weermag verslaan
- Onafhanklikheid van Namibië / Bloudruk vir meerderheidsregering
- Enige ander relevante antwoord.

**SAMEVATTING:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**TOTAAL: 150**